# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 465 Cape Town, Kaapstad, 15 March Maart 2004 **No. 26148**


**THE PRESIDENCY**

No. 331 15 March 2004

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 49 of 2003: Alteration of Sex Description and Sex Status Act, 2003.**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 331 15 Maart 2004

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 49 van 2003: Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus, 2003.**


26148

9 771682 584003



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 9 March 2004.)*

# ACT

**To provide for the alteration of the sex description of certain individuals in certain circumstances; and to amend the Births and Deaths Registration Act, 1992, as a consequence; and to provide for matters incidental thereto.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

"gender characteristics" means the ways in which a person expresses his or her social identity as a member of a particular sex by using style of dressing, the wearing of prostheses or other means;

"gender reassignment" means a process which is undertaken for the purpose of reassigning a person's sex by changing physiological or other sexual characteristics, and includes any part of such a process;

"intersexed", with reference to a person, means a person whose congenital sexual differentiation is atypical, to whatever degree;

"medical practitioner" means a person providing health services in terms of any law, including in terms of the—

*(a)* Allied Health Professions Act, 1982 (Act No. 63 of 1982);
*(b)* Health Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974);
*(c)* Nursing Act, 1978 (Act No. 50 of 1978);
*(d)* Pharmacy Act, 1974 (Act No. 53 of 1974);
*(e)* Dental Technicians Act, 1979 (Act No. 19 of 1979); and
*(f)* Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002);

"primary sexual characteristics" means the form of the genitalia at birth;

"secondary sexual characteristics" means those which develop throughout life and which are dependant upon the hormonal base of the individual person;

"sexual characteristics" means primary or secondary sexual characteristics or gender characteristics.

**Application for alteration of sex description**

**2.** (1) Any person whose sexual characteristics have been altered by surgical or medical treatment or by evolvement through natural development resulting in gender reassignment, or any person who is intersexed may apply to the Director-General of the National Department of Home Affairs for the alteration of the sex description on his or her birth register.

(2) An application contemplated in subsection (1) must—

*(a)* be accompanied by the birth certificate of the applicant;

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 Maart 2004.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die verandering van die geslagsbeskrywing van sekere indiwidue in sekere omstandighede; en om gevolglik die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992, te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"geslagskenmerke" primêre of sekondêre geslagskenmerke of geslagtelike kenmerke;

"geslagtelike heraanwysing" 'n proses wat onderneem word met die oog op die heraanwysing van 'n persoon se geslag deur fisiologiese of ander geslagskenmerke te verander, en ook enige deel van so 'n proses;

"geslagtelike kenmerke" die maniere waarop 'n persoon sy of haar maatskaplike identiteit as 'n lid van 'n bepaalde geslag uitdruk deur die gebruik van kledingstyl, die dra van prosteses of ander maniere;

"interseksueel", met verwysing na 'n persoon, 'n persoon wie se kongenitale geslagsdifferensiasie atipies is, in watter mate ook al;

"mediese praktisyn" 'n persoon wat gesondheidsdienste voorsien ingevolge enige wet, met inbegrip van ingevolge die—

*(a)* Wet op Verwante Gesondheidsberoepe, 1982 (Wet No. 63 van 1982);
*(b)* Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974);
*(c)* Wet op Verpleging, 1978 (Wet No. 50 van 1978);
*(d)* Wet op Aptekers, 1974 (Wet No. 53 van 1974);
*(e)* Wet op Tandtegnici, 1979 (Wet No. 19 van 1979);
*(f)* 'Mental Health Care Act, 2002' (Wet No. 17 van 2002);

"primêre geslagskenmerke" die vorm van die genitalieë by geboorte;

"sekondêre geslagskenmerke" die kenmerke wat dwarsdeur die lewe ontwikkel en wat afhanklik is van die hormonale grondslag van die individuele persoon.

**Aansoek om verandering van geslagsbeskrywing**

**2.** (1) Enige persoon wie se geslagskenmerke verander is deur chirurgiese of mediese behandeling of deur ontwikkeling deur natuurlike verandering wat geslagtelike heraanwysing tot gevolg het, of enige persoon wat interseksueel is, kan by die Direkteur-generaal van die nasionale Departement van Binnelandse Sake aansoek doen om die verandering van die geslagsbeskrywing op sy of haar geboorteregister.

(2) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) moet—

*(a)* vergesel gaan van die geboortesertifikaat van die aansoeker;

(*b*) in the case of a person whose sexual characteristics have been altered by surgical or medical treatment resulting in gender reassignment, be accompanied by reports stating the nature and results of any procedures carried out and any treatment applied prepared by the medical practitioners who carried out the procedures and applied the treatment or by a medical practitioner with experience in the carrying out of such procedures and the application of such treatment;

(*c*) in every case in which sexual characteristics have been altered resulting in gender reassignment, be accompanied by a report, prepared by a medical practitioner other than the one contemplated in paragraph (*b*) who has medically examined the applicant in order to establish his or her sexual characteristics; and

(*d*) in the case of a person who is intersexed, be accompanied by—

(i) a report prepared by a medical practitioner corroborating that the applicant is intersexed; and

(ii) a report prepared by a qualified psychologist or social worker corroborating that the applicant is living and has lived stably and satisfactorily, for an unbroken period of at least two years, in the gender role corresponding to the sex description under which he or she seeks to be registered.

(3) If the Director-General refuses the application contemplated in subsection (1), he or she must furnish the applicant with written reasons for the decision.

(4) If an application contemplated in subsection (1) is refused, the applicant may appeal to the Minister of Home Affairs against the decision taken by the Director-General.

(5) An application contemplated in subsection (4) must be lodged with the Minister within 14 days after the decision of the Director-General was made known and must be accompanied by the documents referred to in subsection (2) and the reasons for the Director-General's refusal.

(6) If an appeal in terms of subsection (4) is refused, the applicant may apply to the magistrate of the district in which he or she resides for an order directing the change of his or her sex description.

(7) An application contemplated in subsection (6) must be accompanied by the documents referred to in subsection (2) and the reasons for the Minister's refusal.

(8) On the date and at the time determined by the magistrate the applicant must appear before the magistrate in chambers and must at the request of the magistrate furnish such additional information and proof as the magistrate may require.

(9) If the application is granted the magistrate must issue an order directing the Director-General to alter the sex description in the birth register of the person named in the order.

(10) An applicant may, on his or her appearance before the magistrate, be assisted by a legal representative.

**Order for alteration of sex description**

**3.** (1) If the Director-General grants an application contemplated in section 2(1) or receives an order from a magistrate in terms of section 2(9), the Director-General must proceed in terms of section 27A of the Births and Deaths Registration Act, 1992 (Act No. 51 of 1992).

(2) A person whose sex description has been altered, is deemed for all purposes to be a person of the sex description so altered as from the date of the recording of such alteration.

(3) Rights and obligations that have been acquired by or accrued to such a person before the alteration of his or her sex description are not adversely affected by the alteration.

(*b*) in die geval van 'n persoon wie se geslagskenmerke verander is deur chirurgiese of mediese behandeling wat geslagtelike heraanwysing tot gevolg gehad het, vergesel gaan van verslae wat die aard en gevolge stel van enige prosedures wat uitgevoer is en enige behandeling wat toegepas is, opgestel deur die mediese praktisyns wat die prosedures uitgevoer het en die behandeling toegepas het of deur 'n mediese praktisyn met ondervinding van die uitvoer van sodanige prosedures en die toepassing van sodanige behandeling;

(*c*) in elke geval waar geslagskenmerke gewysig is wat geslagtelike heraanwysing tot gevolg gehad het, vergesel gaan van 'n verslag, opgestel deur 'n mediese praktisyn anders as die een wat in paragraaf *(b)* beoog word en wat die aansoeker medies ondersoek het ten einde sy of haar geslagskenmerke te bepaal;

(*d*) in die geval van 'n persoon wat interseksueel is, vergesel gaan van—

(i) 'n verslag opgestel deur 'n mediese praktisyn wat bevestig dat die aansoeker interseksueel is; en

(ii) 'n verslag opgestel deur 'n gekwalifiseerde sielkundige of maatskaplike werker wat bevestig dat die aansoeker stabiel en bevredigend lewe, en gelewe het vir 'n onafgebroke tydperk van minstens twee jaar, in die geslagtelike rol wat ooreenstem met die geslagsbeskrywing waaronder hy of sy poog om geregistreer te word.

(3) Indien die Direkteur-generaal die aansoek beoog in subartikel (1) weier, moet hy of sy die aansoeker van geskrewe redes vir die besluit voorsien.

(4) Indien 'n aansoek in subartikel (1) beoog geweier word, kan die aansoeker by die Minister van Binnelandse Sake appèl aanteken teen die besluit van die Direkteur-generaal.

(5) 'n Aansoek in subartikel (4) beoog, moet by die Minister ingedien word binne 14 dae na die besluit van die Direkteur-generaal bekendgemaak is en moet vergesel gaan van die dokumente in subartikel (2) bedoel en die redes vir die Direkteur-generaal se weiering.

(6) Indien 'n appèl ingevolge subartikel (4) geweier word, kan die aansoeker by die landdros van die distrik waarin hy of sy woonagtig is aansoek doen om 'n bevel wat die verandering van sy of haar geslagsbeskrywing gelas.

(7) 'n Aansoek in subartikel (6) beoog moet vergesel gaan van die dokumente in subartikel (2) bedoel en van die redes vir die Minister se weiering.

(8) Op die datum en die plek wat die landdros bepaal, moet die aansoeker voor die landdros op kamerhof verskyn en op versoek van die landdros die bykomende inligting en bewys verskaf wat die landdros vereis.

(9) Indien die aansoek toegestaan word, moet die landdros 'n bevel uitreik wat die Direkteur-generaal gelas om die geslagsbeskrywing in die geboorteregister van die persoon wat in die bevel genoem word, te verander.

(10) 'n Aansoeker kan by sy of haar verskyning voor die landdros deur 'n regsverteenwoordiger bygestaan word.

**Bevel vir verandering van geslagsbeskrywing**

**3.** (1) Indien die Direkteur-generaal 'n aansoek in artikel 2(1) beoog toestaan of 'n bevel ontvang van 'n landdros ingevolge artikel 2(9), moet die Direkteur-generaal voortgaan ingevolge artikel 27A van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992).

(2) 'n Persoon wie se geslagsbeskrywing verander is, word geag vir alle doeleindes 'n persoon te wees van die geslagsbeskrywing wat aldus verander is vanaf die datum dat sodanige verandering opgeteken is.

(3) Regte en verpligtings wat deur so 'n persoon verkry is of wat so 'n persoon toegeval het voor die verandering van sy of haar geslagsbeskrywing word nie nadelig deur die verandering geraak nie.

**Insertion of section 27A in Act 51 of 1992**

**4.** The following section is hereby inserted in the Births and Deaths Registration Act, 1992, after section 27:

"**Alteration of sex description**

**27A.** (1) If the Director-General grants an application or a magistrate issues an order in terms of section 2 of the Alteration of Sex Description and Sex Status Act, 2003, the Director-General shall alter the sex description on the birth register of the person concerned.

(2) An alteration so recorded shall be dated and after the recording of the said alteration the person concerned shall be entitled to be issued with an amended birth certificate.".

**Short title**

**5.** This Act is called the Alteration of Sex Description and Sex Status Act, 2003.

**Invoeging van artikel 27A in Wet 51 van 1992**

**4.** Die volgende artikel word hierby na artikel 27 in die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992, ingevoeg:

"**Verandering van geslagsbeskrywing**

**27A.** (1) Indien die Direkteur-generaal 'n aansoek toestaan of 'n landdros 'n bevel uitreik ingevolge artikel 2 van die Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus, 2003, moet die Direkteur-generaal die geslagsbeskrywing op die geboorteregister van die betrokke persoon verander.

(2) 'n Verandering aldus opgeteken word gedateer en na die optekening van die gemelde verandering is die betrokke persoon daarop geregtig om van 'n gewysigde geboortesertifikaat voorsien te word.".

**Kort titel**

**5.** Hierdie Wet heet die Wet op Verandering van Geslagsbeskrywing en Geslagstatus, 2003.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—3600
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—3600